SA, Slowenië versterk bande met nuwe inisiatief

Theuns van der Westhuizen, Kaapstad

Suid-Afrikaners kan nou in Suid-Afrika 'n Schengen-visum kry om Slowenië te besoek en hoef nie meer na die buiteland te reis om dié visum te kry nie.

Dr. Prieur du Plessis, ere-konsul van Slowenië, het by die opening van die Sloweense ere-konsulaat in Durbanville gesê benewens die feit dat dit makliker sal wees vir sakelui en toeriste om visums vir Slowenië te kry, is daar ook verskeie inisiatiewe begin om betrekkinge tussen die twee lande uit te brei. Daar is ook inisiatiewe om toerisme te bevorder.

'n Sloweense afvaardiging gaan Suid-Afrika in September besoek, terwyl 'n groot toerisme-inisiatief beplan word om toeriste-getalle tussen die twee lande uit te bou.

Ander projekte sluit in:

- Die Universiteit van Ljubljana het twee beurse beskikbaar gestel vir Suid-Afrikaanse studente wat nagraadse studies in toerisme wil doen;
- Die universiteit het ook gereël dat 20 Sloweense argitektuurstudente na Johannesburg sal kom om bykomende skoolgeriewe by die Ithuba Skills College te kom bou;
- Verskeie wetenskapprojekte is reeds tussen die Universiteit van Maribon in Slowenië en die universiteite van Kaapstad en Stellenbosch aangepak om onder meer die voedingswaarde van woestynplante te bepaal; en
- Planne word tans gemaak om op kultuurgebied 'n uitruilprogram vir musikante te begin.